IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(SUIDELIKE RONDGAANDE PLAASLIKE AFDELING,

GEHOU TE SWELLENDAM)

SAAKNOMMER: SS60/2008

DATUM: 18 FEBRUARIE 2010

In die saak tussen:

DIE STAAT

en

2. RICARDO PIEDT
3. HESTER BONITA AFRIKA
4. ELIZABETH LAWERDIEN
6. RUBY MARAIS

---

# UITSPRAAK

(In terme van artikel 204 van die Strafproseswet)

---

DLODLO, R:

Artikel 204 rus op die basis van artikel 203 van die Strafproseswet, Wet 51 van 1977, soos gewysig. Artikel 204 word toepaslik wanneer die aanklaer (soos in die huidige saak) die Hof meedeel dat 'n voorgenome getuie (in die onderhawige saak mnr Ivan Sefoor en Caroline May) vir die Staat gevra sal word om vrae te beantwoord wat hom of haar inkrimineer ten opsigte van 'n misdryf deur die aanklaer gespesifiseer.

Sodanige misdryf in die onderhawige is die moord van die oorledene, mnr Basie Marais.

Die Hof moet dan die getuie inlig, soos voorgeskryf in artikel 204(1)(a)(i) tot (iv). Dit het geskied in die onderhawige saak. Sodanige getuie is dan verplig om te antwoord op enige vraag van die aanklaer, van die beskuldigde en van die Hof, ondanks die feit dat die antwoord self-inkriminerend kan wees ten opsigte van die bepaalde of gespesifiseerde misdryf of ten opsigte van enige misdryf wat 'n geoorloofde bevinding daarop sou wees.

Twee Staatsgetuies, Ivan Sefoor en Caroline May, is deur die Hof ingevolge die bepaling van artikel 204 van die Strafproseswet 51 van 1977 soos gewysig, behoorlik gewaarsku voordat hulle getuienis aangehoor was. Hierdie artikel beskerm medepligtiges wat deur hulle getuienis vir die vervolging sal moet openbaar, dat hulle self misdrywe gepleeg het. In Mohamed v Attorney-General of Natal & Others (2) 1998(1) SASC 73 (N) 79e-80c verskyn daar 'n bondige bespreking van die hoofdoel agter hierdie bepaling. In prinsipaal is die hoofdoel om dit vir die Staat moontlik te maak om een of meer van meerdere mededaders as getuies teen die ander te kan roep. In ruil vir bevredigende getuienislewering, kan die getuie dan vrywaring teen vervolging op die betrokke

aanklag verwag. Dit is 'n reg, of ten minste 'n regmatige verwagting en die getuie is geregtig op 'n oudiënsie dienaangaande. Sien Mohamed v Attorney-General of Natal and Others Supra op 144h-145c.

Getuie Caroline May is tans voor die Hof. Ivan Sefoor het verdwyn. As die Hof tevrede is met die wyse waarop die getuie geantwoord het, moet daar 'n vrywaring wees en dit moet genotuleer word. Sien Hiemstra, Suid-Afrikaanse Strafproseswet, 6de Uitgawe, op bladsy 510. In S v Ncube 1976(1) SA 796 (RA) is dit beslis dat dit onreëlmatig is om te sê dat 'n getuie moet antwoord tot bevrediging van die Hof (to the satisfaction of the Court), want dit kan die indruk skep dat die getuie die aanklaer na die mond moet praat. Die getuie moet verstaan dat al wat verwag word is eerlike en openhartige antwoorde. Daar word nie van die getuie verwag om noodwendig die beskuldigde te inkrimineer nie. Ons moet meld dat die getuie moet antwoord tot die beste van sy of haar vermoë en die vrywaring kan gegee word ondanks afwykings van die polisieverklaring. Sien in hierdie geval S v Banda: in re Zikhali 1972(4) SA 707 (NK).

In S v Bruiners & 'n Ander 1998(2) SA 432 (SOK) op 347h-i, is dit trouens beslis dat dit vergesog is om van 'n getuie te verwag dat die verklaring en die getuienis presies ooreenstem.

Dit kan wees dat wat die getuie in die hof gesê het, die waarheid is. Daar sal ander aanduidings moet wees dat die getuienis in die hof nie volledig of bevredigend is nie. As byvoorbeeld 'n vraag gestel word wat die getuie kan inkrimineer buite die misdryf wat 'n aanklaer aan die begin genoem het, het die getuie nog steeds die voorreg om te weier om te antwoord. Sien R v Ndabeni 1959(2) SA 630 (OK).

Die Hof wil kortliks met Caroline May as 'n artikel 204 getuie handel. Ongetwyfeld was Caroline May 'n sleutelgetuie in hierdie saak. Sy het die Hof fyn besonderhede gegee oor hoe hierdie grusame moord van die oorledene beplan was en hoe dit uiteindelik gebeur het. Na die Hof se oordeel, het Caroline May haar eie betrokkenheid ten volle verduidelik. Sy het nie gehuiwer om getuienis wat haar ook in die pleging van die misdryf inkrimineer te lewer nie. Sy het baie vrae wat direk verband gehou het, eerlik en, na ons oordeel, openhartig beantwoord. Ek sien mnr Ivan Sefoor is ook nou met ons, dit word waardeer.

Toe sy kruisondervra was, het Caroline May, onder andere, genoem dat sy nie gelukkig was om staatsgetuie te word nie en dat sy bereid was om tronk toe te gaan, as sy moet. Die Hof het in die uitspraak 'n opmerking gemaak dat artikel 204 getuies baie inligting vir die Hof gegee het en dat daar

ontstaan wel 'n moontlikheid dat sekere ander inligting nie aan die Hof beskikbaar gestel was nie. Die kwessie of die artikel 204 getuie 'n vrywaring kry al dan nie, moet egter beslis word op grond van die getuienis wat sodanige getuie gelewer het. Dit sluit in, sonder twyfel, die antwoorde op vrae gevra deur die staatsaanklaer, die verdediging, asook die Hof.

Caroline May het vrae geantwoord en het haarself totaal betrek in die pleging van die misdrywe wat ter sprake is. Hierdie getuie is ook so kruisondervra, dat ook haar polisieverklaring aan die Hof as 'n bewysstuk beskikbaar gestel is. Die vrywaring van 'n getuie moet nie noodwendig afhang van hoe daardie getuie die kruisondervraging gehanteer het nie. Die moontlikheid van afwyking in kruisondervraging is altyd daar. Dit is "warm" in die getuiebank, hoofsaaklik tydens kruisondervraging. Hierdie Hof is egter van oordeel dat Caroline May haarself behoorlik gekwyt het in hierdie saak. Sy behoort die vrywaring te kry.

Dieselfde kan egter nie gesê word oor mnr Ivan Sefoor nie. Hy was 'n goeie getuie wat die Hof die relaas gegee het van wat gebeur het vandat hy in hierdie beplande moord betrokke geraak het. Die Hof het van sy getuienis gehoor hoe daar oor hierdie moord in sy huis gepraat was, asook by sy voertuig op pad na Jongensfontein. Hy het die mes, wat gebruik was om

die oorledene mee dood te maak, beskikbaar gestel. Hy was eerlik en geloofwaardig in daardie opsigte. Met ander woorde, sy hele hoofgetuienis is 'n verstaanbare en logiese weergawe wat ook gestaaf was deur ander getuies.

Wat ons 'n bietjie gepla het, is dat in kruisondervraging het hy tot 'n mate homself probeer distansieer van die gebeure. Met ander woorde hy het goeie getuienis gelewer, maar toe die regspan hom begin kruisondervra het (hoofsaaklik mnr De Bruyn) het hy homself probeer verontskuldig. Dit beteken versuim om vrae openhartig te antwoord, al sou die antwoorde hom inkrimineer. Hierdie Hof is van oordeel dat mnr Sefoor hoef nie vrywaring te kry nie. Die Hof het 'n slotsom bereik, derhalwe word dit soos volg gelas:

(a) Caroline May word ingevolge artikel 204(2)(a) gevrywaar teen enige moontlike vervolging weens die misdryf wat in hierdie saak ter sprake is en weens 'n misdryf ten opsigte waarvan 'n uitspraak van skuldig geoorloof sal wees op hierdie moordaanklag.

(b) Mnr Ivan Sefoor word nie so gevrywaar nie.

---------------------------------------

DLODLO, R

/bw

/..